

## **DIE WAARDE VAN MIELIERESTE**

**Deur**

**Dr Philip Theunissen  
COMPUTUS BESTUURSBURO**

---

Die voedingswaarde van mieliereste is welbekend en dit is in algemene praktyk dat boere in die somerreënvalstreek hulle vee daarop laat oorwinter wanneer die natuurlike weiding se voedingswaarde laag is. Boere is egter nie eenstemmig oor die finansiële waarde van oesreste nie. Dit geld veral wanneer daar op gehuurde grond mielies geplant word en die oesreste in- of uitgesluit moet word. Wie ookal die oesreste benut, voer aan dat dit in finansiële terme nie veel werd is nie en wie ookal die oesreste moet afstaan voer aan dat dit baie geld werd is.

Daar is twee metodes waarvolgens die finansiële waarde van mieliereste bereken kan word. Die eerste een, waarskynlik die akkuraatste, bepaal hoeveel oesreste daar oorbly, wat die samestelling daarvan is en wat die koste van elke komponent is.

Weidingkundiges beraam dat mieliereste ongeveer 1.2 keer die gewig van die oes beloop. In die voorbeeld sal in mielies-oes van 3 ton dus oesreste van 3.6 ton oplewer. Hulle voer verder aan dat daar ongeveer 25% se verwering plaasvind en dat 25% van die reste uiteindelik weer teruggeploeg word. Die hoeveelheid graan (pitte) beloop 5.5% van die reste sodat 94.5% dus as ruvoer beskou kan word. Die benutbare oesreste is dan 1.8 ton/ha en die finansiële waarde kan soos volg bereken word:

<b>METODE 1</b>	
<b>Samestelling van oesreste:</b>	
Graanopbrengs (Ton/ha)	3.0
Oesreste (Ton/ha)	3.6
Verwering (%)	25.0
Terugploeg (%)	25.0
Graan as % van oesreste	5.5
Ruvoer as % van oesreste	94.5
<b>Benutbare oesreste (Ton/ha)</b>	
Graan (Ton/ha)	<b>1.80</b>
Ruvoer (Ton/ha)	0.10
	1.70
Mielieprys (R/ton)	R 1,300.00
Ruvoerprys (R/ton)	R 500.00
Waarde van graan (R/ha)	R 128.70
Waarde van ruvoer (R/ha)	R 850.50
<b>Waarde van oesreste (R/ha)</b>	<b>R 979.20</b>

Die prys van mielies as graan is in hierdie voorbeeld as R1300.00 per ton aanvaar. Die koste van ruvoer word as R500.00 per ton gebruik (ongeveer R200 per 1.5m rondebaal oulandsgras). Die benutbare hoeveelheid van die mieliereste beloop dan R979.20 per hektaar.

Die tweede metode word op die weidingskapasiteit van die oppervlakte bereken. Hiervolgens word aanvaar dat die drakrag van mieliereste een grootvee-eenheid per hektaar is en dat die mieliereste vir 'n tydperk van 90 dae bewei kan word. 'n Grootvee-eenheid wat 15 kg ruvoer per dag benodig sal dan 1350 kg oesreste in die tydperk van 90 dae kan benut. Dit is 500 kg minder as in die eerste metode.

<b>METODE 2</b>	
<b>Drakrag van oesreste:</b>	
GVE/ha	1
Benutbare tydperk in dae	90
Voerbenutting (Kg/GVE/dag)	15
Voer beskikbaar (Kg/ha)	1350
<b>Ruvoerprys (R/ton)</b>	<b>R 500.00</b>
<b>Waarde van oesreste (R/ha)</b>	<b>R 675.00</b>

Indien die aankoopprys van ruvoer weer as R500.00 per ton aanvaar word, beloop die koste van die oesreste volgens hierdie metode R675.00 per hektaar. In hierdie geval word daar egter nie in hoër koste aan die graankomponent van die mieliereste gekoppel nie en is die benutbare gewig ook minder as in die eerste metode.

Selfs al is daar in verskil in die finansiële waardes van die twee metodes, moet dit nie sonder meer as die prys van mieliereste beskou word nie. Die rede daarvoor is dat oesreste nie in verskuifbare produk is nie en gevvolglik net op die land benut kan word. Die koper moet dus na die produk getrek word. Dit beteken dat mieliereste van boere in die Wes-Vrystaat nie aan boere in die Oos-Vrystaat bemark kan word nie, al is daar in baie groot aanbod in die Wes-Vrystaat en in groot tekort aan winterweiding in die Oos-Vrystaat. Daar kan verder ook redes wees waarom in boer nie sy oesreste wil verkoop nie soos om die waai van lande in Augustus teen te werk of om die himus in die land weer op te bou.

Mieliereste het ongetwyfeld in hoë voedingswaarde en daar kan beslis in finansiële waarde daaraan gekoppel word. Die bemarkbaarheid daarvan voldoen egter nie aan dié van in tipiese voedselkommunitet nie en daarom realiseer dit nie die berekende prys in die praktyk nie. Dit bly egter in inkomste, of dan verlies aan inkomste, wat by die huur of verhuring van lande inaggeneem behoort te word.

---

**Bethlehem**  
**Februarie 2008**